November 2025
Guardian-plan

Geagte Lid

**VOORDELE EN BYDRAES VIR 2026**

Transmed Mediese Fonds stel hiermee die voordele vir die Guardian-plan vir 2026 bekend. U voordelegids is by hierdie brief ingesluit en sal u help om te verstaan hoe om u mediese voordele die beste te bestuur.

**Voordeelveranderinge vir 2026**

Transnet voorsien steeds aansienlike befondsing om die Guardian-plan te onderhou, wat die Fonds in staat gestel het om alle bestaande voordele op hierdie plan in 2026 te behou. Verder is voordeellimiete en geselekteerde sublimiete verhoog in lyn met verwagte tariefverhogings.

Indien u hulp of duidelikheid benodig met enige voordele, skakel asseblief ons kliëntediensdepartement by **0800 110 268** en praat met ons kliëntediensagente, wie u met graagte sal bystaan.

**Bydraes vir 2026**

Met die befondsingsondersteuning van Transnet, sal ledebydraes met slegs 2% verhoog word. Die bydraetabelle in die ingeslote voordelegids vir 2026 verskaf meer besonderhede.

***Let asseblief daarop dat hierdie voordeel- en bydraeveranderinge steeds aan goedkeuring deur die Raad van Mediese Skemas onderhewig is.***

**24-uur-voorafmagtigingsdiens**

Transmed wil u graag herinner aan die voorafmagtigingsdiens (tolvry by **0800 225 151**) om u na toepaslike behandelingsfasiliteite te verwys wanneer toelating vereis word. Hierdie diens is 24 uur per dag, sewe dae per week beskikbaar.

**Ambulansdiens**

In die geval van 'n mediese noodgeval wanneer 'n ambulans benodig word, kontak AZOZA (voorheen bekend as Europ Assistance) asseblief by **0800 115 750.** Hierdie diens is ook 24 uur per dag, sewe dae per week beskikbaar.

**Ten slotte**

Ek wens u en u geliefdes ‘n rustige feestyd en ‘n gesonde en voorspoedige 2026 toe.

Vriendelike groete

**PETRUS WASSERMANN**
HOOFBEAMPTE

PO Box 2269, Bellville 7535/Posbus 2269, Bellville 7535
**Enquiries/Navrae:** Tel: 0800 110 268 (SATS Pensioners/SAVD Pensioenarisse)
**Enquiries/Navrae:** Tel: 0800 450 010 (Working Members and Pensioners/Werkende Lede en Pensioenarisse)
**Enquiries/Navrae:** Tel: 011 381 2026 (Service Providers/Diensverskaffers)
**Email/E-pos:** enquiries@transmed.co.za **Website/Webtuiste:** www.transmed.co.za